

KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Jesaja 64 vers 8

U is ons vader, Here. Ons is klei en U het ons gevorm, ons is almal die werk van U hande.

Kortpad 5de Lydensweek Besoek van en deurdankoffer vir [Bybelgenootskap](#)

07 April	08h30	Eietydse diens	Kleuterkerk
07 April	09h45	Kategese	
07 April	10h00	Klassieke diens	
15 - 21 Apr		Groot lydensweek	Eredienstye en skrifgedeeltes
16 - 18 Apr		Obed se Paasproduksie 'Plek van die Hoofskedel' in die Impetus teater in Circularrylaan	
27 April	18h00	Musiek Trivia - vriendelike kompetisie	Fantastiese pryse Bespreek betyds
01 Mei		Kermis 2019 Konvenors 2019	Kermisbrief Lys van benodigdhede

[Nog belangrike datums](#)

[Kommunikamma 7 April 2019](#)

Saam op pad vir Christus

Preke: Die [preke van die oggenddienste](#) word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

Daar is reeds soveel seer en swaar in die wêreld. Is dit regtig nodig om vir 7 weke lank by die seer, die lyding en kruisdood van Jesus stil te staan? Die Jode het Jesus en die kruis as swakheid verwerp en die Grieke het Sy "sinlose dood" as betekenisloos vir 'n moderne wêreld en beskawing verwerp. Maar die kruis is juis die krag van God waardeur Hy sonde en dood oorwin het en ook die wysheid van God, want Hy het ons ellende geken en geweet dat dit net deur die kruis weggeneem kan word. [Die kruis draai die wêreld op sy kop](#)

Kermis 2019

Wat gaan die kermis laat werk? [Jou gebed en betrokkenheid en bydrae](#). Al die tafels benodig verskeie tipes verpakkingsmateriaal. [Lys van benodigdhede](#)

Sake vir gebed

[Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het. Ons bid ook vir die kermis en die verkiesing wat voorlê.

There4-Bedieninge

Irak-reis Baie dankie aan elkeen wat kom help pak het en vir elke donasie en hulp met die handwerk. Donasies vir [Projek Hoop](#) kan tot en met die 7de April by There4- of kerkkantoor inbetaal word.

Gebedsversoek vir Sirië Bid vir Christene in Sirië wat in areas leef wat deur rebelle-groepe beheer en op 'n gewelddadige manier verdruk word. [Bid vir krag en hoop Foto](#)

Aksie België vir Christus

Dank die Here vir die moontlike vind van 'n koördineerder vir die Bybel Expo. Onderhan- delinge met moontlike kandidate is tans aan die gang. Bid vir Ferdi en Ronel se besoek aan Wervik waar hulle in Het Minnehuis gaan meewerk. [Gebedsversoeke vir Maart 2019](#)

Middelburg se mense het Ferdi en Ronel se harte kom volloop en hulle sal nou daar betrokke wees by verskeie aksies tot einde November 2019. Hulle vertrek DV die 2de Mei na België om die BEZ se 100-jarige feesvieringe by te woon en vir 'n paar weke by Het Minnehuis te gaan werk. Hulle 3de kleinkind word DV Augustus gebore. **Foto's** [Ferdi en Ronel se Nuusbrief vir Maart 2019](#)

FEBA Radio: Gebedsversoek

As gevolg van 'n vlootbotsing tussen Rusland en die Oekraïne het die president van die Oekraïne aan die einde van 2018 'n krygswet vir 'n tydperk van 30 dae afgedwing. Gedurende hierdie tyd is alle evangeliese kerke in die rebel-beheerde gebiede verbied. FEBC moes hul sender verskuif sodat hul daardie gebiede kon bereik. Al is die krygswet net vir 'n kort tydperk toegepas, is mense steeds bekommerd oor hul veiligheid en stabiliteit. Baie van hulle luister na FEBC om antwoorde te vind. Ons moedig u aan om ernstig te [bid vir die FEBC se luisteraars wat in die oorlogsgone woon.](#)

CMR: [dankie en versoeke](#)

Kraggakamma gemeente word hartlik bedank vir ons finansiële bydrae. Hulle neem vrymoedigheid en rig weer dringende versoeke vir verskeie items en finansiële ondersteuning om byvoorbeeld vir elke kind 'n liniaal met 'n boodskap oor selfbeskerming te gee en 'n 17jarige ouerlose dogter se skoolgeld te betaal.

Steytlerville Landbouvereniging: Wild Raffle 2019

Die droogte van die afgelope paar jaar duur nog steeds voort. Die Steytlerville Landbouvereniging het besluit om die koedoes en springbokke, wat in die distrik voorkom, weer vanjaar te benut om fondse te genereer vir die [Steytlerville Landbouvereniging Noodfonds](#). Verlede jaar kon boere gesubsideer word om 130 ton mielies te koop. Die sluitingsdatum vir [Wild Raffle 2019](#) is die 31ste Mei 2019.

***Padkos* Tussen wapens en medisyne**

Iemand wat Auschwitz gedurende die Tweede Wêreldoorlog oorleef het vertel haar laaste gesprek met haar broer was toe nie haar beste nie. Onderweg soontoe as gevangenes in 'n trein het hy sy skoene verloor. Sy was kwaad toe sy dit agterkom en het dit hardop vir hom gesê. Na hulle aankoms in Auschwitz het sy haar broer egter nooit weer gesien nie. Toe het sy besluit dat al haar woorde, veral teenoor familie en vriende, moet staande bly as goeie laaste woorde indien sy nooit weer 'n kans sou hê om met hulle te praat nie. Dit klink vir my soos Spreuke se wysheid. Oor en oor vertel hierdie wonderlike wysheidsboek vir ons dat ons ons woorde versigtig moet kies en reg gebruik. Woorde is wapens. In dwase se monde kan dit baie groot skade aanrig. Oorhaastige woorde, snydende taal, onwaarhede, beledigings - sulke taal is regtig lewensgevaarlik. Maar aan die ander kant is woorde ook genesende medisyne. In wyse mense se mond is woorde propvol omgee, deernis en eerlikheid. Dit praat mense nader aan God en nader aan ander. Praat aseblief wyse woorde in hierdie dae dat goeie woorde so skaars is.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert www.ekerk.org]

Kuβergroete tot volgende keer

[2019-04-07]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal.
www.getsnapscan.com